# Wits het meer gewys as 'testikels', lag breier Van As

**Tinus van Staden**

Hy weet nie so mooi van die "enorme testikels" waarvan sy kaptein, Constant Beckerling, gepraat het nie, maar Hugo van As weet sy Wits-troepe het báie dinge op die veld gewys in hul geskiedkundige sege oor Tuks.

Beckerling het Maandagaand in Johannesburg in 'n passievolle TV-onderhoud gesê sy Varsitybeker-rugbyspan het met "enorme testikels" gespeel onderweg na sy sege met 25-19 oor die verdedigende kampioen op Wits se tuisveld.

Beckerling het reeds verlede jaar sy slag voor die kameras gewys in 'n TV-onderhoud nadat sy span die Pukke, wat toe die verdedigende kampioen was, in Potchefstroom verslaan het. Hy het, byna soos 'n Viking pas ná 'n oorlog, verklaar daardie sege was g'n gelukskoot nie. Dit lyk of sy uitlating steek gehou het.

Van As, Wits se breier, lag wanneer hy oor Beckerling se onderhoud uitgevra word.

"Ons weet hoe 'n passievolle kaptein Constant is," sê hy.

"Ek weet nie so mooi van die testikels nie, maar ons het báie goed op daardie veld gewys – karakter, durf, vaardigheid," sê Van As.

Wits se sege was hul eerste nóg in Varsitybeker-rugby oor die span van Pretoria.

Dit is hul tweede agtereenvolgende sege in die reeks, nadat hulle verlede Maandag nóg 'n voormalige kampioen, die Ikeys, met 30-26 in Kaapstad geklop het.

Hulle is tans tweede op die puntelys. Tog glo Van As dit is nog baie vroeg in die reeks en hulle beskou hulself nog nie as titel-aanspraakmakers nie.

"Ons is dankbaar oor die eerste twee uitslae, maar al waarop ons nou fokus, is volgende week," sê Van As.

"Ons is holisties ingestel en daar is nog baie water wat in die see moet loop. Volgende fokus ons net op die Shimlas.

"Twee seges is net soos twee nederlae, dit definieer nie 'n span nie," sê hy.

Van As sê die span het aan die begin van die seisoen besluit hy gaan vergeet van die 2017-seisoen en daarop fokus om 'n mededingende eenheid te wees.

"Ons is nie 'n span met supersterre nie, so ons weet as ons nie elke week op ons beste is nie, gaan ons ontbloot word. Ons is realisties. Ons is baie vertroud met ons stelsels en die spelers speel vir mekaar.

"Ons besef ook as jy teen 'n span vol supersterre speel en twee derdes van daardie span speel goed, maar een derde funksioneer nie, dan het jy 'n kans om te wen."

Van As sê hoewel hy verheug is met die seges, dit nie al is waarvoor hulle speel nie.

"Ons wil goeie rugby speel en onsself op die veld uitleef."



**Constant Beckerling, Wits se flank en kaptein, op die aanval in sy span se Varsitybeker-wedstryd Maandagaand teen Tuks in Johannesburg.**
Foto: VARSITYSPORTS

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.